higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)

**NKR VLAK 4**

(4101064)

**20 November 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en vyf addendums van 7 bladsye.**

.

020Q2N2020

Kopiereg voorbehou 

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 120**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Korter en intermediêre funksionele teks | 50 |
| AFDELING B: | Langer funksionele en reflektiewe skryfwerk | 70 |

2. Beantwoord die vraag in AFDELING A en EEN vraag uit AFDELING B. Let daarop dat die vrae in AFDELING B uit TWEE opdragte bestaan wat albei gedoen moet word.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Die beplanning moet voor die skryfstuk wees. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe oorgeskryf het.

6. Laat 'n reël oop tussen elke vraag.

7. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

8. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

9. Gee ADDENDUM D en ADDENDUM E saam met die ANTWOORDBOEK in.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: KORTER EN INTERMEDIÊRE TEKSTE

### VRAAG 1.1: AANSOEKBRIEF

**AFRIKAANS IS ONS TAAL!**
**EN ONS WEET HOE BELANGRIK JOU TOEKOMS VIR JOU IS!**

Doen nóú aansoek vir 'n beurs!

Ons bied finansiële hulp vir studente wat ernstig is oor hul studies en oor hul taal!

Stuur aansoeke aan:
Me. Katryn Visser
Afrikaans is ons taal
Privaatsak X 12
JOHANNESBURG
0001

Sluitingsdatum: 21 Februarie 2020

**SITUASIE**
Op 3 Februarie 2020 verskyn die bostaande advertensie in 'n Afrikaanse koerant. Jy is nou besig met jou vlak 4-eksamen en is dringend op soek na geldelike ondersteuning om jou studies te voltooi. Afrikaans is vir jou baie belangrik en jy stel belang om na afloop van jou studies vir 'n maatskappy soos *Afrikaans is ons taal* te werk.

**OPDRAG**
Skryf 'n AANSOEKBRIEF (100–120 woorde) vir die geldelike ondersteuning deur die maatskappy *Afrikaans is ons taal*. Verduidelik waarom jy vir 'n beurs aansoek doen en wat jou die ideale kandidaat vir hierdie beurs maak. Meld watter dokumentasie jy insluit. Stel jouself beskikbaar vir 'n onderhoud. Skryf die dekbrief aan me. Katryn Visser. Maak gebruik van die riglyne vir 'n formele brief op ADDENDUM A.

**ASSESSERINGSKAAL**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 10 | 7 | 3 |

(20)

**EN**

**VRAAG 1.2: CURRICULUM VITAE (CV)**

**SITUASIE**
Wanneer jy aansoek doen vir 'n beurs moet jy 'n volledige CV by die aansoek insluit met volledige, relevante inligting oor jouself. Gebruik die situasie in VRAAG 1.1 as agtergrond om hierdie vraag te beantwoord.

**OPDRAG**
Stel jou CV saam vir die internskap waarvoor jy in VRAAG 1.1 aansoek gedoen het. Maak gebruik van die riglyne vir 'n volledige CV op die aangehegte ADDENDUM B.

**ASSESSERINGSKAAL**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 24 | 3 | 3 |

(30)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER FUNKSIONELE EN REFLEKTIEWE SKRYFWERK**

Doen EEN vraag uit hierdie afdeling. Elke vraag bestaan uit TWEE dele.

**VRAAG 2.1: BRIEF AAN DIE PERS**

**SITUASIE**
Die kurrikulum vir verskeie vlak 4-leerareas vereis dat studente projekte binne groepverband moet doen. Jy en 'n groep vriende het besluit om 'n Whatsapp-groep te skep om makliker inligting binne jul studiegroep te deel oor projekte en ander vakgerigte sake. Die Whatsapp-groep is slegs vir studiedoeleindes bedoel, maar ongelukkig word persoonlike boodskappe en grappe ook geplaas wat onvanpas én afstootlik is.

Jy besef hoe oningelig studente is oor die etiek van Whatsapp-groepe en sosiale media vir akademiese doeleindes. Jy is omgekrap en wil hierdie kwessie onder studente se aandag bring. Meer moet gedoen moet word om studente op te voed oor onvanpaste boodskappe op Whatsapp-studiegroepe en ander sosiale platforms.

**OPDRAG**

Skryf 'n BRIEF (120–180 woorde) vir die kollegekoerant waarin jy duidelik stel hoe jy oor hierdie saak voel.

- Verwys na onvanpaste boodskappe en studente se hantering van studiegroepe op Whatsapp asook sosiale media oor die algemeen.
- Noem minstens TWEE voorbeelde van soortgelyke ervarings wat jy en jou vriende of ander Whatsapp-gebruikers daagliks ondervind.
- Gee TWEE moontlike oplossings vir hierdie probleme en verduidelik hoe studente volgens jou meer bewus gemaak kan word van die professionele gebruik van sosiale media.
- Noem TWEE praktiese voorbeelde hoe studiegroepe meer professioneel kan optree.
- Gee TWEE voorstelle hoe 'n gereelde etiek-oortreder binne 'n groep hanteer kan word.

Onthou, in hierdie brief gee jy slegs jou mening om die publiek bewus te maak van die probleem. Die redakteur kan nie die probleem oplos nie.
Gebruik die riglyne vir die uitleg van 'n formele brief op die aangehegte ADDENDUM C.

**ASSESSERINGSKAAL**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 20 | 7 | 3 |

(30)

**EN**

**VRAAG 2.2: TERUGVOERVERSLAG**

**SITUASIE**

Jy is die voorsitter van die studenteraad van jou kollege. Na aanleiding van die situasie in VRAAG 2.1. het die hoof van die kollege die studenteraad gevra om die funksionering van studiegroepe te ondersoek. Jy wil graag die studente help en doen 'n deeglike ondersoek na die saak. Jy voer onderhoude met studente om probleme met die vorming en funksionering van studiegroepe te identifiseer en jy kry inligting oor probleme wat hulle binne studiegroepe ondervind. Ondersoek ook voorstelle hoe dosente studente kan help met die vorming en funksionering van studiegroepe.

**OPDRAG**

Skryf 'n VERSLAG (250–350 woorde) op die vorm op die aangehegte ADDENDUM D.

- Begin met die agtergrond waarin jy beskryf hoe jy bewus geword het van die kwessie. Verwys na die doel van jou verslag.
- Beskryf die positiewe aspekte van die vorming van studiegroepe
- Verwys na huidige probleme wat ondervind word.
- Doen aanbevelings sodat studente beter binne studiegroepverband sal vaar.
- Noem moontlike projekte wat die studenteraad kan onderneem om studente en dosente meer bewus te maak van die gevare, en ook die professionele gebruik van sosiale media.
- Jou verslag moet met 'n gevolgtrekking afgesluit word: word daar genoeg gedoen om studente se akademiese prestasies te verseker en om empatie vir studente se situasies te ontwikkel?

**ASSESSERINGSKAAL**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 30 | 7 | 3 |

(40)

**ÓF**

**VRAAG 3.1: RESENSIE**

**SITUASIE**
As leier van jou kollege se boekklub kry jy gereeld die geleentheid om nuwe boeke te lees. Skrywers stuur graag hul nuutste boeke na die boekklub en hoop dat hul boeke só wyer bekend sal word.

**OPDRAG**
Skryf jou eie RESENSIE (120–180 woorde) vir die kollege se nuusbrief oor 'n nuwe boekvrystelling van ‘n Afrikaanse of Engelse boek wat jy onlangs gelees het.

- Begin met ‘n kreatiewe opskrif, titel van die boek, naam van skywer en wie die uitgewer is.
- Noem enkele belangrike feite oor die inhoud van die boek.
- Verwys na die genre, die skryfstyl en die storielyn.
- Tegniese versorging asook die omslag van die boek.
- Is dit goeie waarde vir geld is of nie.
- Sê hoekom hierdie boek volgens jou beter of slegter is as ander boeke.
- Stel jou eie opinie oor die boek duidelik.
- Waar dit bestel kan word (adres/kontakbesonderhede).
- Moedig die studente aan om hierdie boek te koop of waarsku hulle om dit nie te koop nie.

**ASSESSERINGSKAAL**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 20 | 7 | 3 |

(30)

**EN**

**VRAAG 3.2: BEREDENEERDE VERSLAG**

**SITUASIE**

Volgens *Beeld* van 11 Junie 2020 het die Chinese maatskappy 90Fun 'n robotbeheerde tas ontwerp wat sy eienaar soos 'n getroue skoothondjie volg. Dit het jou laat wonder of tegnologie nie té gevorderd raak en ons lewens heeltemal oorneem en beheer nie.

Jy is 'n lid van die studenteraad verantwoordelik vir tegnologiese ontwikkeling op die kampus en het besluit om dié saak te ondersoek. Jy voel enersyds dat tegnologie aangewend moet word om studente se studies te vergemaklik, maar andersyds dat studente van hul verantwoordelikheid ontneem word om selfstandig en onafhanklik te werk, omdat hulle toenemend op tegnologie staatmaak vir inligting en idees.

Jy het dié saak met jou kampushoof bespreek en word gevra om dit te ondersoek. Jy moet 'n verslag oor jou navorsing in memorandumformaat saamstel en op 23 Junie 2020 aan die kampushoof oorhandig. Jy moet ook jou finale mening oor die saak in jou verslag aanteken.

**OPDRAG**

Skryf die BEREDENEERDE VERSLAG (250–350 woorde) wat jy by die kampushoof gaan ingee.

- Begin met 'n inleiding waarin jy die probleem/saak duidelik uiteensit.
- Verwys in jou verslag na die ondersoekmetodes wat jy gebruik het.
- Gee argumente oor die probleme wat kan ontstaan as tegnologie verkeerd aangewend word.
- Gee bewyse wat die argumente ondersteun.
- Jou verslag moet afgesluit word met 'n duidelike gevolgtrekking,
- Maak verskeie aanbevelings hoe tegnologie suksesvol deur studente aangewend kan word.

Gebruik die aangehegte ADDENDUM E om die verslag in memorandumformaat te skryf.

**ASSESSERINGSKAAL**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 30 | 7 | 3 |

(40)
**[70]**

**TOTAAL AFDELING B: 70**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou

**ADDENDUM A**

**VRAAG 1.1: UITLEG VAN AANSOEKBRIEF**

Sender se adres
DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode

x x x x x x x
Datum OF Datum
x x x x x x x
Ontvanger se adres
DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode
x x x x x x x
Aanhef
x x x x x x x
INHOUDSOPSKRIF IN HOOFLETTERS
x x x x x x x
Inleiding
x x x x x x x
Liggaam
x x x x x x x
Slot
x x x x x x x
Groet

Handtekening
NAAM IN HOOFLETTERS

**ADDENDUM B**

**VRAAG 1.2: UITLEG VAN CURRICULUM VITAE (CV)**

**OPSKRIF (X)**

**Persoonlike besonderhede: (X)**

Noem persoonlike besonderhede in blokvorm

**Kwalifikasies: (X)**

Noem kwalifikasies in blokvorm; begin met die mees onlangse kwalifikasie

**Ondervinding: (X)**

Noem toepaslike ondervinding in blokvorm; begin met die mees onlangse ondervinding en noem wat dit behels, waar dit gedoen is, wanneer en wie in beheer was.

**Getuigskrifte: (X)**
Noem getuigskrifte wat aangeheg word; verwys na wie die getuigskrif geskryf het.

**Verwysings: (X)**

Noem minstens 2 verwysings met alle nodige kontakbesonderhede.

**Verklaring: (X)**

Verklaar dat die inligting op die CV korrek en volledig is. Teken dit en skryf die datum by.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## ADDENDUM C

## VRAAG 2.1: UITLEG VAN BRIEF AAN DIE PERS

Sender se adres
DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode
x x x x x x x
Datum OF Datum
x x x x x x x
Ontvanger se adres
DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode
x x x x x x x
Aanhef
x x x x x x x
INHOUDSOPSKRIF IN HOOFLETTERS
x x x x x x x
Inleiding
x x x x x x x
Liggaam
x x x x x x x
Slot
x x x x x x x
Groet

Handtekening
NAAM IN HOOFLETTERS

Volg dieselfde uitleg as vir 'n formele brief, maar jy mag 'n skuilnaam in plaas van jou eie naam gebruik. Die afsluiting van die brief is dan as volg:

SKUILNAAM

Handtekening

VOORLETTERS EN VAN of NAAM EN VAN

Kopiereg voorbehou 

**ADDENDUM D** **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 2.2: TERUGVOERVERSLAG**

**MEMORANDUM**

AAN: ______________________________

VAN: ______________________________

DATUM: ______________________________

ONDERWERP: ______________________________

(40)

**GEE HIERDIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN.**

**ADDENDUM E** **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 3.2: BEREDENEERDE VERSLAG**

**MEMORANDUM**

AAN: ______________________________

VAN: ______________________________

DATUM: ______________________________

ONDERWERP: ______________________________

(40)

**GEE HIERDIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN.**

Kopiereg voorbehou